



ROEPING en RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Onafhanklike onderwys stoom voort

Tensy anders vermeld, is die teksverwysings uit die 1983-Bybelvertaling

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- ↔ Christelike Opvoeding
- ↔ Christelike Onderwys en
- ↔ Christelike Wetenskap

“Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en ’n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.” (2 Tim. 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

“Kennis begin met die dien van die Here.” (Spreuke 1:7)

“Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels . . . en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het.” (Matteus 28:18-20).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike Opvoeding, Onderwys en Wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk - vgl Hand. 1:8 ■

SKRIFLIG

- Ds. C Bester

Jeremia 17:1-18, 1953-Bybelvertaling

Jeremia 17:5 – “So sê die Here: Vervloek is die man wat op die mens vertrou en vlees sy arm maak, terwyl sy hart van die Here afwyk.”

In Jeremia 17:1-18 vind ons die sesde opgetekende boodskap wat God aan sy volk stuur deur Jeremia, op die vooraand van Juda se wegvoering in die Babiloniese ballingskap in 586 v.C. (Hierdie gesprek word gewoonlik gedateer in die dekade 600 - 590 v.C.) Dit is die tyd van Sedekia se regentskap in Jerusalem nadat hy in vertroue geneem is deur Nebukad-resar van Babilonië.

Sedekia slaan volhardend die waarskuwings van Jeremia in die wind, naamlik dat hy sy woord en integriteit teenoor die Babiloniese koning gestand moet doen. Hy laat hom op sleeptou neem deur Hananje en ander howelinge om saam te sweer met Egipte, wat hulle gesien het as hulle verlosser van Babilonië!

Hierdie vertrouensbreuk is die direkte oorsaak van Babilonië se verharding en die wegvoering van die room van die volk na ’n vreemde land toe! Die sesde boodskap handel juis oor die onveranderlike waarheid van God en sy Woord – en die onlosmaaklike verband tussen ontrou (sonde) en straf!

Jeremia ween omdat die koning en volk se harte hard is soos ’n rotssteen, waarop inskripsies met ystergriffels gebeitel moet word.

In verse 5-10 verduidelik Jeremia dat die waarheid vasstaan, dat verskillende geloofsoortuigings oorsprong gee aan verskillende waardes en lewensbeskouings – en die Alwetende, Alleenwyse, God ken die hart van elke mens. Hy toets die gehalte (lees: voldoening aan God se eise, al dan nie) van elke hartsoortuiging, lewensbeskouing en lewenspraktyk.

Omdat God soewerein regeer, bied Hy alleen hoop op verlossing vir sy volk (verse 12, 13) maar ook vas en seker ellende vir diegene wat sy Woord en gesag minag en verag. Om hierdie waarskuwing tuis te bring in die leefwêreld van sy hoorders, waarsku Jeremia in vers 5

Vervolg op bl. 2

IN HIERDIE UITGAWE

| | |
|----------------------------------|----|
| Onafhanklike onderwys | 3 |
| Arso en Aros | 5 |
| BVCO en die uitdagings | 7 |
| Tuisonderwys | 9 |
| Boodskap aan ons lede | 11 |
| Afrikaanse Protestantse Akademie | 12 |
| Bybelse lewensbeskouing | 13 |

Vervolg van bl. 1

dringend teen die humanisme, wat 'n skeidsmuur oprig tussen 'n mens en sy God!

[Humanisme het sedert die paradys nie uitgesteef nie.](#) In elke geslag verskyn dié ou slang weer springlewendig – weliswaar “vervel” hy gereeld, maar slang bly hy slang! In ons tyd sien ons die sleepsel van dieselfde “paradys-slang” met sy vernietigende “belofte” aan hulle wat hom gehoorsaam: julle sal soos God wees (lees: julle sal god wees oor julle eie lewe!)

Sy spore sien ons veral in vier belangrike gedagtevelde:

1. Geloof in die Persoonlike, Drie-enige, God – Dat die mens homself alleen hoef te behaag en na sy eie selfsugtige genietinge te jaag in plaas daarvan dat die mens, as kroon van God se skepping, strew om sy skeppingsdoel te bereik, naamlik om sy Skeppergod te verheerlik deur die heelhartige toewyding van sy hele wese aan die gehoorsame uitoefening van God se alwyse woorde en besluite:
2. Die skepping – Per definisie weier die humanis om God as die absolute en soewereine Skepper te aanvaar. Om daardie rede sal humaniste enige verklaring aangryp wat in hulle nietige verstandjie lyk asof dit die Bybelse geskiedenisrelaas kon weerspreek. Daarom dat
3. Alles is veranderlik/relatief – Om darem te probeer om 'n staanplek te kry vir die holte van hulle voet, is die humaniste ook verplig om die Bybelse absolutes van sonde en verlossing te weerspreek. Soos hulle “filosofiese vleuel” (die post-modernisme) glo, so leer hulle dat geen absolute waarheid, leuen, reg, verkeerd – ja, selfs die wil van God, bestaan nie. Alles word eenvoudig afgewater tot mense se opinies, wat die een net so geldig is as die ander. (Die openbare debat rondom die geval van “Spyker” Maas illustreer hierdie houding.) Daar is geen ontsag vir God en sy Woord nie. Nee, dit word gekarikaturiseer tot die kerk/die Christene wat dink dat hulle (L.W. nie God se Woord nie) beter is as die spotters met God. Ensovoort ...
4. Die mens is 'n “kuddewese”. – So redeneer die humanisme (soos by die toring van Babel) dat die mense se konsensus oor wat vir hulle die beste is en wat hulle die graagste wil hê (soos hulle dink) die ideaal moet wees. So word die één wêreldtaal en die één wêreldvolk, ens. veridealiseer en selfs as ideo-

logie nagejaag en afgedwing. Die eenheid van die ganse mensdom moet dan nou sy redding wees! Hulle grootste frustrasie is die aparte identiteite wat God geskape het.

Humanisme is inderdaad 'n alternatiewe en anti-Christelike godsdiens – In hulle manifes (1933) word nege keer beklemtoon dat die humanisme 'n godsdiens is. Aangesien hulle die Drie-enige God en sy Woord verwerp is dit vir elke gelowige glashelder watter “god” hulle dien.

Dit is krimineel dat die humaniste ons kerke, skole, staatsdienste, belastinggeld alles inpalm om hulle “anti” godsdiens te verbrei – en lui en ontroue Christene help hulle lustig voort op die pad om die Evangelie te versmoor!

Maar Christus alleen is die oorwinnaar. Hy het aan die kruis en uit die graf uit oorwin – en nou heers Hy aan die regterhand van Onse Vader in die hemele – vanwaar Hy sal kom om finaal te oordeel.

Soos 'n helder trompet kom sy waarskuwing in Jeremia 17:5 vandag weer na my en na u toe, geagte leser. Wat gaan u daaromtrent doen? Daar is net twee moontlikhede: Steun, en loop saam met, die humaniste ... en beërwe God se vloek; of val in gehoorsame aanbidding voor die Here neer met u hele wese ... en ontvang sy verlossing en sy hemelse lewe. Wees eerlik en verkondig openlik met u dade watter keuse u gemaak het ... u is dit aan u God/god verskuldig!

- Amen.




Erwe vir ons kinders-reeks

Die eerste boek in die geskiedkundige publikasie-reeks, *Erwe vir ons kinders*, het onlangs verskyn, wat, te oordeel aan die inhoud en formaat, 'n trefferreeks gaan wees. Die eerste in die reeks handel oor *Ons Volksleiers*, en in deel 1 daarvan gaan dit oor die lewe van President Paul Kruger. Die boek is vanuit die perspektief van die Christelike gereformeerde standpunt geskryf, en bevat dus nie maar blote biografies-historiese gegewens nie. Die

werklike waarde daarvan lê nog veel dieper as dit, naamlik om die handel en wandel van hierdie geliefde president van die Transvaalse Republiek binne die konteks van die Christelike geloof, asook die kulturele lewe van die Afrikaner te plaas. In die oorblywende vyf in die reeks sal die volgende temas behandel word: *Groot Krygsmanne; Volksheldinne; Geloofshelde; Volksmartelare en Kinderhelde.*

Vervolg op bl. 6



Onafhanklike onderwys¹ ter wille van ...

Is dit 'n anakronisme?

1. Christelik-nasionale onderwys

Onafhanklike onderwys is, wat Suid-Afrika betref, nie 'n nuwe of vreemde verskynsel nie, aangesien die konsep histories sover teruggeneem kan word as die stadium waarin die landsowerhede onderwys as 'n nasionale verantwoordelikheid begin oorneem het. Gedurende die tyd voorafgaande was die gangbare model tuisonderwys, waarvoor ouers self die verantwoordelikheid geneem het. Die gebruik was om skoolmeesters in diens te neem, ouerlike toesig en beheer uit te oefen, en die onderwysers paslik te vergoed.

Toe onderwys gedurende die Bataafse tydperk en daarna onder Engelse oorheersing aan die Kaap gedurende die eerste helfte van die 19de eeu uit die hande van die burgery geneem is, het daar toenemende vreemding tussen die owerhede en die burgery ontstaan. Die rede hiervoor is dat die soort onderwys wat van owerheidskant op die burgery afdedwing was staatsonderwys was, wat (i) die gees en toon van die nuutgevonde 18de eeuse vryheid van die mens sou vertolk, en (ii) die idee dat onderwys van enige religieuse verband ontkoppel word wou vestig; die liberaal-humanistiese beskouing wat destyds vanuit Europa hierheen gebring is.

In reaksie op hierdie verwickelinge in die onderwys aan die Kaap, het die samestelling van oorwegend Nederlandse, Franse en Duitse burgery wat in daardie stadium reeds die identiteit van die Afrikanervolk-inwording begin aanneem het, daartoe oorgegaan om die konsep van onafhanklike onderwys verder te voer. Dit is goed te verstane dat daardie nasate van die Geuse en Hugenote,

wat vroeër, ter wille van die handhawing van hulle Protestantse godsdienstige en lewensooruiging na Suid-Afrika geëmigreer het, teen die nuwe onderwys wat lynreg teenoor hulle gevestigde oortuiging te staan gekom het, in verset getree het. Hulle was eenvoudig nie bereid om hul kinders aan 'n sekulêre onderwysbestel te onderwerp, en daarmee die Christelik-gereformeerde lewensingesteldheid waarmee hulle hierheen gekom het en hier wou voortdra, te vernietig nie. Indien hulle daaraan sou toegee om te sekulariseer sou hulle ontrou geword het aan die roeping waarmee hulle geglo het dat hulle na Afrika gekom het.

Die vanselfsprekende gevolg was dat die burgery van gereformeerde stand aan die Kaap hulle tot onafhanklike onderwys gewend het, sodat hulle die beginsels en waardes wat, op grond van hulle verankerheid in die Woord van God, hulle lewensingesteldheid bepaal het, deur middel van wat as Christelik-nasionale onderwys (CNO) bekend geword het, kon bestendig. Die totstandkoming van CNO-skole daarna is van besondere betekenis, omdat daardeur verseker sou word dat Christelike onderwys gedurende minstens die volgende ongeveer 150 jaar in Suid-Afrika voortgesit word. Kan 'n mens dan anders as om die beskikking van die Here daarin te sien?

Wat verder van belang is is die feit dat die onafhanklike onderwysbestel wat toe reeds tot stand gekom het, as 'Christelik-nasionaal' getipeer was. Ons voorgeslagte was konsekwent getrou aan hulle godsdienstige - en lewensooruiging daarin dat hulle op hierdie soort onderwys vir hulle kinders aangedring het. Deur die keuse vir Christelik-nasionaal het hulle bevestig dat hul

gereformeerde ingesteldheid aan die goddelike opdrag tot evangelisering (kerklik-godsdienstig) en genormeerde kultuuroordrag (onderwys en wetenskap) beslag wou gee. Dit behels 'n erkenning van die gesag van Gods Woord oor die totaliteit van die spektrum van werklikheidsvergestaltinge; onderwys inbegrepe.

Ons gereformeerde voorgeslagte het dus die standpunt ingeneem dat die onderwys, benewens die Christelike inslag daarvan, ook 'n nasionale inslag sou vertoon, in ooreenstemming met hulle beskouing dat die onderwys 'n taak het om die samelewing te verchristelik in die sin van kultuuroordrag wat beskawingsvormend inwerk, en wel binne die volksverband. So gesien moet 'n mens verklaar dat hulle onderwysbeskouing met die Bybelse openbaring rekening gehou het, in die lig van verseke Skrifdele, waarvan o.m. Matt 28:18 - 20 (1953-Bybelvertaling). Daarmee is duidelik die skeidslyn tussen Christelike en sekulêre onderwys getrek, waaruit verder verstaan moet word dat die Christelike lewe, gereformeerde gesien, nie tot die sfeer van die kerklik-godsdienstige ingeperk kan word nie. Daar is ook nie 'n sogenaamd 'neutrale posisie' wat ingeneem sou kon word (soos wat koerantskrywer, Deon Maas o.a. beweer nie). Die Here Jesus se uitspraak in Matteus 12:30 (1953-Bybelvertaling), is nie vir meer as slegs één vertolking vatbaar nie: "Hy wat nie met My is nie is teen My", en dit geld ook die burgerlike sy van ons bestaan. Die eis tot gehoorsaamheid aan God-Drieëinig is alomvattend en kan selfs nie eers deur die onderwys geïgnoreer word nie.

2. Onafhanklike onderwys in die 21ste eeu!

Onafhanklike onderwys in Suid-Afrika is 'n werklikheid, en word nie

¹ Met onafhanklike onderwys word nie bedoel dat dié soort onderwys geen gebondenheid aan die Woord van God het nie, maar wel finansieel en andersins nie van die staat afhanklik is nie.


Vervolg van bl. 3

net hier nie, maar ook in oorsese lande as 'n onderwysbestel in eie reg aanvaar. Dit wil nie impliseer dat die onderwysowerhede noodwendig oral met dié soort onderwys gediend is nie, maar binne 'n demokratiese bestel moet daar uiteraard ruimte daarvoor geskep word. Verskeie faktore het die ontstaan en voortsetting van hierdie soort onderwys begunstig, waarvan die belangrikste in ons tyd seker die totstandkoming van 'n nuwe onderwysbedeling, wat volgens alle aanduidings een van die direkte oorsake was. Dat ouers die keuse uitoefen om, kragtens hulle doopgelofte, toe te sien dat aan hulle kinders onderwys voorsien word wat met hulle persoonlike godsdienstige oortuiging en kulturele identiteit korrespondeer, kan hulle nie verkwalik word nie; alle ander godsdienste en kulture eis die reg daartoe vir hulself op. Binne die breë kader van die Christelike godsdiens het daar dus om begryplike redes, en op die basis van denominasionele organisasie, inisiatiewe die afgelope dekades ontstaan om aan onafhanklike onderwys beslag te gee. Bewegings wat hierdie soort onderwys wil bevorder het hulself sodanig geïmposisioneer dat hulle vir hulself 'n onontbeerlike plek binne die totale onderwysopset verwerf het.

In hierdie uitgawe word aan drie van die onafhanklike onderwysbewegings tans in Suid-Afrika aandag gegee, naamlik Aksie Reformatoriese Skoolonderwys, die Beweging vir Christelik-volkseie Onderwys en Tuisonderwys. Ons is bewus van die bestaan van ander onafhanklike onderwysinisiatiewe wat hulle eweneens vir Christelike onderwys beywer, dan nie noodwendig elkeen op gereformeerde grondslag nie. Al word laasvermelde nie hier by die naam genoem nie, word nietemin met waardering kennis geneem van waarmee hulle besig is, en word graag erkenning verleen aan die goeie werk wat deur hulle gedoen word.

Onderwysvoorsieners van die 21ste eeu is reeds vir ongeveer 2.5 dekades toegewy aan die ideaal van Christelik-gereformeerde onderwys. Soos wat die betekenisvolle rol van die vroeëre CNO-skole vandag erken en waardeer word, so is hierdie onderwysbewegings besig om baanbrekerswerk binne die heersende onderwysbedeling in belang van die Christen-Afrikaner en ander Christene se kinders te verrig. Hierdie instansies het vir hulself 'n eiestandige plek binne die Suid-Afrikaanse onderwys uitgemaak, en onderskei hul van die hoofstroom van wat as staatsonderwys getipeer moet word – in die lig van die beheer wat daar uitgeoefen word – om nie daarna te verwys as genasionaliseerde onderwys nie. Dit

ontgaan ons terselfdertyd nie dat daar in sommige van ons staatskole nog vele offers gebring word ter bevordering van Christelike onderwys, al sou dit met die heersende owerheidsbeleid in stryd wees. Dat dit egter 'n sensitiewe saak is waarvoor verkieslik nie openlik berig moet word nie, word besef en eerbiedig, al sou ons dit met graagte wou doen.

Uit die oogpunt van ons Vereniging gesien, is dit belangrik om te weet watter soort kwaliteitonderwys hierdie instansies bied in terme van die ideaal van Christelike onderwys, uit hoofde van ons eie doelstrewende en missiestelling. Op grond van goeie skakeling en samewerking op projekgerigte basis die afgelope jare is ons ons vandag nie maar net van hulle bestaan bewus nie, maar kan daarvan getuig word dat van die groei en vordering wat daar deurentyd gemaak word deeglike kennis geneem word, en dit dien juis as motivering om ten minste een van ons uitgawes daaraan te wy om 'n keer hierdie instansies opnuut onder die aandag van ons lesers te bring. Hierin word bydraes oor die onderwysinstitusies in alfabetiese volgorde gepubliseer, met hulle vriendelike medewerking en vergunning. Eweneens is dit 'n voorreg om oor 'n tersiëre instelling, die Afrikaanse Protestantse Akademie, te berig, wat op die Christelik-gereformeerde grondslag staan. 



Al die eerste- tot vierdejaarstudente wat in 2007 by Aros gestudeer het.



Twee vakkundiges (in die middel op die foto) uit Zwolle, Nederland, besoek ARSO gedurende 2007. Links en regs op die foto is mnr R. van der Kooy en P. le R. Bisschoff onderskeidelik. Kyk berig op bl. 5.

Arso en Aros

Op koers met gereformeerde onderwysers en skoolboeke

- Rob van der Kooy (betrokke by Arso en Aros)

1. Daad by die woord

Iemand het eendag gesê: "Doen iets; dit help beslis!" Nou kan 'n mens lank argumenteer of dit werklik so is, want om die verkeerde te doen, help beslis nie, behalwe om uit te vind dat dit wat gedoen is, verkeerd blyk te wees. Maar om niks te doen, help in elk geval nie.

In die afgelope dekade is baie gepraat, geskryf en vergader oor alles wat met die onderwys in ons land verkeerd gaan. Soos dalende standaarde, 'n groeiende tekort aan onderwysers, onrus en politieke druk op Afrikaanse skole en 'n gebrek aan dissipline, om enkele sake te noem.

Een organisasie wat al 25 jaar pleit vir eie, christelike ouerskole het tot die besef gekom dat dit belangriker is om iets te doen as om net oor probleme en moontlike oplossings te praat. Dit is die Aksie Reformatoriese (Gereformeerde) Skoolonderwys, beter bekend as Arso. Hierdie vereniging, waaraan 'n dosyn onafhanklike christelike skole behoort, het 'n paar jaar gelede besluit om daadwerklik met 'n aantal dinge te begin. Die gevolg was veral drie inisiatiewe:

- Die publikasie van eie, gereformeerde skoolboeke wat aan staatsvereistes voldoen en wat terselfdertyd baie duidelik aantoon en leer wat die drie-enige God in sy Woord vir ons sê.
- Die oprigting van 'n eie fasiliteit om studente op te lei om christelike en bekwame onderwysers te wees.
- Bekendstelling van die konsep, praktyk en lewensvatbaarheid van gereformeerde onderwys.

Die Here het hierdie inisiatiewe buitengewoon geseën. Kyk net na die volgende:

2. Arso

Oor die afgelope vyf jaar het Arso reeds 74 voluit gereformeerde skool-

boeke gepubliseer en die getal behoort teen die einde van hierdie jaar reeds 80 te oorskry, met 'n verdere dosyn boeke in produksie. Meer as 11 000 boeke is reeds verkoop aan skole (hoofsaaklik die dosyn Arso-skole, maar ook ander), asook kerkrade en individue (veral vir tuisonderwys). Hierdie boeke word deurlopend hersien en herdruk.

Hoe kry Arso die manuskripte saamgestel? Op verskillende maniere. Eerstens deur onderwysers wat vanaf hul lesse konsep-manuskripte saamstel. Hierdie manuskripte word na Arso-skole versprei en die betrokke onderwysers hou telefoonkonferensies om die werk krities te bespreek en te redigeer. Jaarliks word 24 - 30 sulke telefoonkonferensies gehou.

Tweedens is 'n produksiefasiliteit op tou gesit om vir die tikwerk, illustrasies, uitleg, drukwerk en verspreiding te sorg. Dit kos geld, maar dit kon tot dusver gevind word. Want as die Here wil hê jy moet iets doen, sorg Hy ook vir die middele om dit gedoen te kry.

Die dosyn Arso-skole, meesal klein en met beperkte middele, is veels te min. Elke dorp en stad behoort minstens een, onafhanklike, gereformeerde, ouerskool te hê. Daarom het mense van Arso in die afgelope jaar ook begin om gemeentes, vrouesaamtrekke en kerke se susters landswyd op uitnodiging toe te spreek oor die noodsaak en die moontlikheid van gereformeerde skole. En op verskeie plekke is inisiatiewe aan die gang om gereformeerde skole op te rig.

Al hierdie werk moet voortgaan. Vir elke graad en vir elke vak moet daar akademies-goeie en gereformeerde skoolboeke en gelowige onderwysers wees. En elke gelowige moet besef hoe belangrik dit is om hul kinders met kennis en vrees van die Here groot te maak, soos wat Bybelgedeeltes soos Deuteronomium 6: 4 - 7, Psalms 78, Spreuke 1 - 4, Efesiërs 6: 4 en 2 Timotheus 3:

14 - 17 baie duidelik maak.

Finansieel word hierdie werk deur 'n hele aantal Gereformeerde kerke gesteun deur kollekte of deur ramings. Dan is daar is daar ook heelwat donateurs en geld word o.m. oorsee ingesamel. Die gevolg is dat Arso van jaar tot jaar onbemerkt met sy werksaamhede kon voortgaan.

3. Aros

Ten einde vir die opleiding van onderwysers voorsiening te tref, is 'n organisasie met die naam Aros (Akademie Reformatoriese Opleiding en Studies) in die lewe geroep. Daar is met die Potchefstroom-kampus van die Noordwes-Universiteit onderhandel en vier jaar gelede is 'n ooreenkoms gesluit waarvolgens alle Aros-studente en sy dosente toegang tot alle modules van die Fakulteit Opvoedingswetenskappe van die Potchefstroom-kampus het.

Dit beteken dat Aros die B. Ed.-graad aan sy studente kan aanbied, mits Potch die inhoud van die modules voorskryf, die eksamens modereer en ook Aros se aanstelling van dosente goedkeur. Noordwes-Universiteit se Potchefstroomkampus reik dan die graad in daardie universiteit se naam uit.

Aros se dosente kan die modules self, so skriftuurlik as moontlik, aanbied, en ook na eie oordeel dele byvoeg.

Vier jaar gelede is met hierdie opleiding begin en wel met drie studente wat deur die jaar tot twee gekrimp het en wat lesings van 'n stuk of twintig (deeltydse) dosente gekry het. Sedertdien was die groei ongelooflik:

2005: 15

2006: 37

2007: 65

2008: Volgens inskrywings tot dusver sal daar by benadering 120 stu-

Vervolg op bl. 6

Vervolg van bl. 5

dente wees.

En na verwagting is dit nog glad nie die einde nie. Want Aros glo dat die studiebenadering wat gevolg word, enorme potensiaal bied.

Wat is so besonder aan Aros se studiebenadering? Daar is tans 'n derdigtal (deeltydse) dosente wat lesings aanbied, dus klein groepies en intensiewe kontaksessies. Lesings is hoofsaaklik op Saterdag. In die voorafgaande week moet studente die werk wat op die Saterdag aan die orde kom, voorberei sodat die dosent dit kan bespreek en probleemareas kan verduidelik. Ook is studente vir praktiese ervaring by 'n skool betrokke en kan hulle ook 'n ietsie verdien om vir hul studies te betaal.

4. Toekoms

Tot dusver het Aros nog nie oor enige eie fasiliteite beskik nie, maar vanaf 1 November word 'n huis met 'n groot perseel in Waverley, Pretoria, betrek, om Aros se kantore, biblioteek en ander dienste te huisves. Saterdag is alle klaslokale van die Gereformeerde Skool Dirk Postma soos in die afgelope vier jaar tot sy beskikking.

'n Ander belangrike ontwikkeling is dat

dr ALA Buys, predikant van die GK Pietersburg-Noord, volgens artikel 14 van die Kerkorde op 1 Januarie by Aros aansluit, onder meer om te help met die identiteitsontwikkeling van Aros en alle modules wat aangebied word.

Ook is besluit om mnr Pieter le Roux Bisschoff wat tot dusver in 'n deeltydse hoedanigheid die akademiese direkteur van Aros was, voltyds aan te stel. Hy bedank as hoof van die Gereformeerde Skool Dirk Postma. Verdere aanstellings sal binnekort volg.

Planne is reeds ver gevorder om Aros verder uit te bou. Om meer as honderd studente te hê, lyk goed, maar is eintlik maar net die begin. Daar moet honderde wees.

Dit is Aros se oortuiging dat deur te sorg vir gelowige en deeglik opgeleide onderwysers, nie net God se kerk in SA gedien sal word nie, maar dat die opleiding ook wesenlik daartoe sal kan bydra om die ernstige tekort aan onderwysers in Afrikaanstalige en selfs ander skole te verminder.

Tye verander: In die afgelope jare is dikwels 'n byna vyandige houding ten opsigte van Arso en sy werksaamhede aangetref. Die houding was dikwels negatief: "Sulke werk en sodanige skole is nie nodig nie; julle

oordryf en is fanatiek." Hierdie houding het verander. Mense luister graag na wat op hierdie gebied gedoen word en kan word. Is dit 'n ontwaking? Is kerkmense besig om tot die insig te kom dat die nageslag meer (skriftuurlike) opvoeding nodig het? 'n Mens weet nie. Maar dat 'n klompie dinge ten goede verander het, lyk wel so. Mag die Here hierdie werk ook verder seën en al sy arbeiders op die regte weg begelei. *Ora et labora!*

Arso se werk- en handboeke

'n Groot verskeidenheid werk- en handboeke is reeds deur Aros opgestel binne die kurrikulum vir grade 1 tot 12, o.m. oor Afrikaans, die Bybel, Ekonomiese Bestuurswetenskappe, Engels, Geloofsleer, Gesyferdheid, Kerkgeskiedenis, Lewensoriëntering, MSW, Natuurwetenskappe en Tegnologie, Sosiale Wetenskappe, Religieuse Studie, asook boeke soos Leerderprofiel, Gereformeerde DinkDoen, Handboek by Bybel, Hoofsake van die geskiedenis van die Bybel, ens.

Skakelbesonderhede:

Tel nr.: 012- 332 5448

E-posadres:

arso.aros@mailbox.co.za



Vervolg van bl. 2

Belangrike momente in die lewe van president Kruger word in deel 1 uitgebeeld, op so 'n wyse dat die geskrewe teks en die komplimenterende foto- en ander illustratiewe materiaal uitstekende aansluiting vind, en die leser deurentyd op 'n aangrypende wyse deur die lewensloop van die eerbiedwaardige president neem. Trouens, die vertelling is in 'n boeiende trant en op 'n bevatlike wyse gedoen, wat dit 'n aangename en tegelyk leersame ervaring maak om die boek op te neem en van voor tot agter deur te lees. Die tegniek waarvan in die samestelling gebruik gemaak word, naamlik om, benewens die geskrewe teks, gepaste illustratiewe materiaal tot die leser te laat spreek, maak dit 'n wennerkombinasie. Nie alleen word die teks op 'n verbeeldingryke wyse aangewend nie; die fotoma-

teriaal verleen daaraan 'n aanskoulikheid met 'n nuwe aanslag, wat die aanbieding op 'n besondere wyse verlewendig.

Die boek beslaan 54 bladsye se vertellings en illustrasies van en oor hierdie indrukwekkende volksleier, van sy geboorte- en kinderjare, sy betekenisvolle rol in die openbare lewe; later as president vir 4 termyn, tot die aanbreek van die Tweede Vryheidsoorlog, en sy vertrek na Europa. Nie alleen was hy rysig in gestalte nie, maar ook groot in die geesteskrag wat daar van hom uitgestraal het; met buitengewone vermoëns deur die Here geseën. Hy word o.m. as 'n geloofsmens geteken. Die inspirerende betekenis van president Kruger se lewe in terme van die Christen-Afrikaner se vryheidsideaal en republikeinse strewe kan moeilik oorskat word. Boonop slaag die samestellers uitmuntend daarin om die aanbieding op 'n persoonlike vlak te

laat verloop, wat die biografiese inslag daarvan sterk beklemtoon.

A.W.G. Raath (redakteur) & M. Raath (outeur), in samewerking met Kraal Uitgewers is die samestellers van die reeks oor die *Erwe van ons kinders*. Die produk is 'n reeks kosbare boeke in die hand van ons ouers en kinders, wat veral ook vir gebruik deur skole aanbeveel word. Aan die einde van elke boek is daar 'n 'fokusinsetsel', gevolg deur 'n 'vasvra'. Die drukwerk in A5-formaat is van uitstekende gehalte op glanspapier, wat dit 'n waardevolle erf- en versamelstuk maak. Hier is 'n geleentheid om aan u kinders 'n kosbare geskenk te gee. Die boek kos R70, indien dit van die VCHO bestel en afgehaal word. 'n Verdere R16,00 word bygevoeg indien dit per pos versend word. Dit kan ook van die uitgewer bekom word. Ons wag op u instruksies. (Bestelvorm op bl. 10)

Red.



BCVO en die onderwys-uitdagings

- Gideon Grobler, Voorsitter: BCVO-direksie

1. Die huidige stand van onderwys

Die vorige minister van onderwys, Kader Asmal, kondig op 31 Maart 2004 tydens 'n toespraak, soos volg aan: *My friends, colleagues, and comrades – my brothers and sisters – tonight is a very special occasion. Tonight we celebrate. We celebrate ten years of freedom and democracy. We celebrate ten years of transformation. We celebrate ten years of making history in education-achieving things that would have been beyond our wildest dreams a decade ago.*

Hierdie aankondiging laat besliste vrae in die gemoed. Waaraan meet die minister sy sukses en wat van die talle berigte tot die teendeel. Op radio- en televisie-programme word met stawende beriggewing getoon dat onderwys juis op sy laagste punt in die geskiedenis is. Moet ons die minister se stelling afmaak as propaganda of is daar waarheid in?

Na my beskeie mening moet ons hierin 'n onderskeid tref. Wanneer ons na die administrasie van die onderwysdepartement kyk is dit duidelik dat dit 'n fiasko is. Selfs Umalusi, die gehaltebeheerliggaam van die staat met betrekking tot onderwys, worstel om uit die staat te kry wat hulle nodig het om hul taak te verrig. Ek wil nie verder daarop uitwy nie; ek reken dit is redelik voor die handliggend vir selfs baie oningeltes.

Ek wil eerder 'n paar woorde met u wissel oor die gedeelte waarvan ek oortuig is dat die Minister die waarheid praat. My vermoede is dat sy verwysing na die sukses, verwys na die ideologiese. Hy verwys in dieselfde toespraak na die vreugde-oomblik wanneer die Afrika perspektief geleer en aanvaar word. Hy haal Patrice Lumumba aan wat in 1961 sou gesê het: *Africa will write its own history, and it will be, to the north and to the south of the Sahara, a history of glory and dignity.* Hy voeg daaraan toe: *In Africa, in the struggle between*



the hunter and the lion, the hunter has written the history. The lion, we have always hoped, will one day have its day. The lion will one day rise up and write the history of Africa.

We know, very well, the kinds of histories that have been written by the hunter. Those books only serve the hunter's interests. ... We now want to hear the lion's story. We now want to hear the lion's roar. Dit klink vir my of die Minister probeer brul!

Die staat was/is uiters suksesvol op hierdie gebied! Met sy eie geskiedenisboeke, met sy strategieë om die sogenaamde leerder te transformeer (dit is die uitgesproke doel in die wet) was hy, en nou sy, suksesvol. Hoor hoe praat en redeneer ons jongmense wat aan haar voet geskool word. Kyk veral hoe sosialiseer hulle in die strate van byna elke dorp van die land!

Die vraag waarmee ons by die BCVO worstel is: Wat moet nog gedoen word om ons volk se kinders en in besonder die gereformeerdes tot die besef te bring dat dit fataal is vir die voortbestaan vir die Calvinisties-gereformeerde volk wat die Here God hier geplant het.

Wat moet nog meer gebeur om ons kerke tot eenstemmigheid en ondersteuning van die alternatief, die

BCVO te oortuig? Ons sal ook graag die geleentheid wil gebruik om elke leser wat dalk óók nie oortuig is nie te nooi: tree met ons in gesprek, sê vir ons of daar iets is wat ons miskyk. Is daar iets wat so 'n groot probleem vir u is binne die BCVO skole dat u u kind en verbondsbeloftes op risiko plaas eerder as om u kind in 'n CVO-skool te plaas. Ons beywer ons eerlikwaar vir 'n 'oopdeur'-bestuur en sal graag wil hoor as dit ons kan help om by groter uitnemendheid in die uitvoering van ons taak te kom.

Miskien moet die perspektief net weer 'n slag op rekord geplaas word. Die BCVO en so elke CVO-lidskool is nie op winsbejag ingestel nie. Dit is nie 'n privaatskool wat vir iemand se persoonlike gewin bedryf word nie, maar 'n Godsaak! Synde verbondskinders behoort hierdie beweging met elke skool daarvan aan die Vader en is dit sy kinders, waarin ons ons rentmeesterskap ten beste probeer uitvoer.

2. Akte van oprigting van die Beweging vir Christelik-volkseie Onderwys

Die akte van oprigting van die BCVO beskryf die hoofdoel van die BCVO, as maatskappy:

- Die ontwikkeling, inwerkstelling en bevordering van 'n suiwer Christelik-volkseie onderwysstelsel vir die Boere-Afrikervolk en
- Om die stigting en bedryf van Christelik-volkseie onderwysinstellings op alle vlakke van die onderwys te bevorder.

3. Dank vir prestasies

Ons is baie dankbaar vir die vordering wat oor die afgelope dertien jaar gemaak is. Ons het o.a goed gevorder met die daarstel van ons eie verrykte studiemateriaal en ons studente se briljante vordering aan

Vervolg op bl. 8

Vervolg van bl. 7

universiteite. Daar word tans selfs navorsing gedoen deur 'n doktorsale student aan die universiteit van Potchefstroom (Noord-Wes) oor die prestasies van CVO- studente teenoor die uit staatskole! Ons is dankbaar oor die slaagsyfer van ons matrikulante, asook die persentasie wat universiteitstoelating kry.

Ons lewer nie net goeie akademiese presteerders nie. Ons hoor universiteite lofsange sing oor die gedrag van ons studente in hul koshuise. Toe ek deur die genade van die Vader daarin slaag om 'n gemeente (wyk van 'n gemeente in SA) in Londen te plant, was die kerkraad CVO-mense – jonk en beginselvas in die vreemde. Dit beteken nie dat daar nie ook ander pragtige jonges was nie, maar dit was juis hulle wat die kerkraad gekies het!

Die sport en kultuur prestasie van die CVO skole is ook nie te versmaai nie. Deur onder meer van ABSA-tabelle vir atletiekprestasies gebruik te maak weet ons dat ook op dié gebied leerlinge van CVO-skole prestasies van hoogstaande standaard lewer. Die streek- en landswebyeenkomste is bykans soos groot-groot familie byeenkomste. Vir die jaarlikse redenaarskompetisies en kultuurfeeste word uitmuntende prestasies jaar na jaar gelewer en daarvoor het BCVO die stempel van die uitnemende beoordeelaars van RAB (Raad van Afrikaanse Beoordelaars).

Met reeds meer as 50 skole landswyd, 'n groot aantal BCVO-tuisskole, ander privaatskole wat die BCVO se studiemateriaal gebruik, en heelwat tuisskooldienste wat die BCVO-eksamen skryf, dra BCVO reeds baie by tot gesonde onderwys te midde van die onderwys fiasko in die land. Daar is egter nog baie geleentheid in elke groot dorp en stad vir Calvinisties-gereformeerde verbondsoers om te help om CVO skole te vestig en uit te bou.

4. Onafhanklike Eksamenraad – stempel van akademiese prestasie

Sedert 1997 het BCVO-matrikulante die Senior Sertifikaateksamen van die BCVO geskryf. Die BCVO ek-

samen kry gaandeweg ook al hoe meer erkenning vir die hoë standaard wat gehandhaaf word. Die BCVO-slaagsyfer is jaarliks in die orde van 94%.

Vanaf 2005 het die eksamenraad kandidate van buite CVO-skole tot die eksamen toegelaat, om as 'n onafhanklike Afrikaanse eksamenraad die besondere behoefte te vervul van onafhanklike skole en individue wat nie kans sien vir die openbare eksamens van die Staat nie. Deur ons eksamen te skryf word kandidate gelei om minstens die voorgeskrewe boeke en Christelike volkseie benadering tot alle vakke te ervaar. Benadering van brandpunte in die samelewing soos aborsie, vigs, ewolusie en die volle spektrum van die opvoeding word dan minstens in die voorbereiding tot eksamen vanuit 'n Bybelse-Christelike waardestelsel ingeskerp. Ons sien hierdie geleentheid as 'n besondere een om al meer die Bybels-Christelike norme en waardes aktief uit te dra en uit te bou.

Die pas afgelope Senior Sertifikaat-eksamen van BCVO het velerlei hoogtepunte opgelewer.

Enkele aanduidings van die omvang van die eksamen:

| | |
|-------------------------------------|------|
| Aantal kandidate: BCVO | 154 |
| Ekstern | 255 |
| Aantal vraestelle (vakke en vlakke) | 67 |
| Aantal vraestelle beantwoord | 4217 |
| Eksamensentrums BCVO-skole | 22 |
| Ekstern – van Tafelberg tot Limpopo | 35 |

6. Is dit ons erns? Dit is BCVO se erns met Christelik-volkseie onderwys

Die Beweging vir Christelike Volkseie Onderwys (BCVO), die CVO skool Pretoria, 'n ouer van die skool en 'n ouer wat tuisonderwys van haar kinders met behulp van die Pestalozzi Trust beoefen, het in Augustus 2007 as applikante 'n hofaansoek teen die Minister van Onderwys (en andere) in die Pretoriase Hooggeregshof laat uitreik waarin gevra word vir verklarende bevels dat die Hersiene Nasionale

Kurrikulumstelling (HNK) en die Nasionale Beleid betreffende Godsdienste en Onderwys wat deur die Minister se ampsvoorgangers in die Staatskoerant afgekondig is, nie regtens bindend is nie. Die applikante voer aan dat, aangesien die HNK en die godsdienstebeleid ingevolge die Onderwysbeleidswet as beleid uitgevaardig is, dit nie op hulle bindend is nie omdat beleid nie wetgewing, reëls of regulasies is nie.

Die Skolewet maak voorsiening dat die Minister van Onderwys 'n kurrikulumstelling kan bepaal, en dat regulasies daarvoor uitgevaardig kan word, maar geen kurrikulum is nog deur die Minister ingevolge die Skolewet bepaal en geen sodanige regulasies is uitgevaardig nie. Die applikante vra ook dat 'n verklarende bevel in daardie terme verleen sal word. Die applikante beweer ook dat in soverre die afkondigings voorgee om regtens bindende verpligtinge op hulle te lê, dit buite die Minister se magte (*ultra vires*) is, byvoorbeeld dat die HNK gedurende sekere jare geïmplementeer moet word.

Die BCVO het op 6 Desember 2006 'n brief aan die Minister gerig waarin sy op die beweerde leemtes gewys is, maar behalwe 'n ontvangserkenning op 12 Desember 2006, is geen verdere brief of mededeling ontvang nie.

Die BCVO het reeds in 2005 besluit en in 2006 bevestig, om dele van die HNK wat teen die BCVO se beginsel-begronning indruis en grondwetlike regte aantast, uit te laat en die kurrikulum te verryk met noodsaaklike begronningskennis.

Die Minister het 15 dae, na betekening aan haar, tyd gehad om die applikante se prokureurs kennis te stel of sy die aansoek bestry en 'n verdere 15 dae daarna om haar beantwoordende verklarings, as sy het, in te dien. Die Minister het aangedui dat sy die aansoek gaan bestry en het vir 'n verlengde tyd aansoek gedoen om haar antwoord voor te lê.

Haar antwoord word tans bestudeer. BCVO en die ander applikante gaan voort om alles in die stryd te werp

Vervolg op bl 9

Vervolg van bl. 8

om erkenning te kry vir 'n werklik Christelik-volkseie kurrikulum, leerplanne studie-materiaal – al moet die saak tot in die Grondwetlike hof gevoer word. Dit gaan nie net om ons grondwetlike reg nie, maar veel meer, gaan dit oor ons Christelike roeping en plig soos ook in die doopbelofte verwoord.

7. Die toekoms

Ons sien met groot entoesiasme uit na die toekoms, omdat ons gelowiges is. Ons glo in die almag van ons Vader en in sy belofte dat Hy vir ons 'n weg sal berei, indien ons Hom in gehoorsaamheid volg. Daarom is ons ook voortdurend besig om hand in eie boesem te steek. Ons opregte begeerte is om

dit wat ons in eie geleedere verkeerd vind, te bely en reg te stel. In die proses wil ons met al groter sekerheid en vasberadenheid vorentoe beurt teen die geweldige uitdagings van die onderwys in, onderwyl ons in die nabyheid van ons Hemelse Vader wil bly.

Skakelbesonderhede

Tel nr.: 012- 365 3703

E-posadres: bb49@mweb.co.za 

Tuisonderwys in die praktyk

- Leendert van Oostrum M.Ed.

1. Uitdagings en geleenthede

Tuisonderwys bied haas ongekende uitdagings aan ouers sowel as hulle kinders, en tog is dit 'n model wat al hoe gewilder word, vir bepaalde redes.

Tuisonderwys het sekerlik sy nadele, maar die voordele oortref dit by verre, en bied aan ouers die voorreg om die vordering van hulle kinders daaglik eerstehands te ervaar, wat as 'n sterk aansporing dien om hierdie onderwysituasie ten beste te eksploteer.

Die tyd is verby dat tuisskolers hulle moes verantwoord aan die norm wat in die algemeen deur skole daargestel word. Selfs die Duitse regering, wat tuisskolers aktief vervolg, gee by woorde van sy onderwysminister, asook ambassadeur in Pretoria toe dat tuisonderwys geen nadele vir die akademiese, persoonlike of sosiale ontwikkeling van kinders inhou nie.

Oor die doeltreffendheid van tuisonderwys, indien die beginsels reg toegepas word, kan daar vandag nie meer twyfel bestaan nie. Daarom word in hierdie bydrae nie by die wetenskaplike bewyse vir die pedagogiese voortreflikheid, van tuisonderwys stilgestaan nie. Dit maak veel meer sin om te let op die moontlikhede wat tuisonderwys bied. Die ironie is dat tuisonderwys toeneemend as 'n norm vir skoolonderwys begin aanvaar word.

Een van die redes is moontlik dat skoolonderwys homself nog voortdurend as gebonde aan onveran-

derlikes geag het, wat beperkinge meegebring het, waaraan tuisonderwys stadigaan besig is om te ontworstel.

Dit het kenners van tuisonderwys nie lank geveer nie om te besef dat dieselfde beperkinge waaraan skoolonderwys onderhewig is, deurbreek kan word sonder om van onderwysbeginsels afstand te doen. Die gevolg is dat die oorgrote meerderheid gesinne wat tuisonderwys opneem die skool in die huis dupliseer. Die huidige geslag ouers wat uit 'n bedeling van skoolonderwys kom, weet dat hulle 'n sterk gestruktureerde leeromgewing moet skep met alles wat daarmee saamgaan – leerprogramme, geskikte handboeke, ens.

2. Benadering tot leer

Leerprogramme is vandag beskikbaar en hoef nie uit die staanspoor ontwerp te word nie. Ondernemings wat dit voorsien verskaf genoegsame ondersteuning en dit werk goed in die geval van so 20 tot 30 persent gesinne.

Hierbenewens verander gesinne mettertyd hulle benadering. Hulle gaan van die standpunt uit dat die struktuur van onderwys in toeneemende mate minder deur 'n voorafbepaalde leerprogram ten gunste van (i) hul kinders se ontwikkelings-tempo, (ii) leergeleenthede wat die omgewing bied en (iii) aktiwiteite en omstandighede van die gesin bepaal word.

Die onderwys word dermate by hul persoonlike huislike omstandighede

geïntegreer dat dit doeltreffendheid in die hand werk en voor-die-handliggende geleenthede vir sinvolle leer aangegryp kan word. Die benadering is dat daar nie dwang uitgeoefen word om 'n begeerde resultaat ten alle koste te verkry nie, maar dat toegelaat word vir individuele verskille in leergereedheid en om vaardighede tot 'n volgende vlak te neem. Hierin word deeglik op die bevindinge van navorsing gesteun.

Wat in die praktyk ervaar word is dat gesinne, namate hulle toenemend gemakliker word met tuisonderwys, ontdek dat dit kwalitatief verskil van skoolonderwys, omdat die pedagogiese beginsels in tuisonderwys neerslag vind, maar op meer as een wyse byna meer effektief as in skoolonderwys. Hulle begin die betekenis van die woord 'skool' beter verstaan – in Grieks 'vrye tyd' – wat 'n ander benadering tot gevolg het. Wat in skoolonderwys 'werk' genoem word vind in tuisonderwys 'n vryer toepassing daarin dat dit vir die vreugde daarvan gedoen word – tyd wat sinvol benut kan word vir verstandelike ontwikkeling, pleks van die idee van volwasse werk.

Die ekwivalente uitdaging in tuisonderwys ten opsigte van wat in skoolonderwys as opvoedkundige handeling bestempel word, is om 'n deurlopende gedissiplineerde leefwyse aan te kweek waarvolgens belangrike lewenselemente in stand gehou kan word.

Vervolg op bl. 10

Vervolg van bl. 9

Tuisskolers ontdek bv. spoedig dat die akademiese faset 'n klein onderdeel van ouerlike verantwoordelikheid is, hoewel nie minder belangrik nie. Maar daarby kom die groter taak van karaktervorming deur begeleiding tot verantwoordelike, selfstandige volwassene.

Tuisonderwys sien sy taak eerder in morele vorming aan die hand van elkedagse werklikhede en deur konstante begeleiding. Deuteronomium 6 vind toepassing deur die inskerping van die betekenis van die Wet. Die akademiese faset verloop wel minder prominent, maar veel meer doeltreffend.

Die herstruktureerde benadering stel die kind beter in staat om god-gegewe talente te ontwikkel. Aan die ander kant word hulle die geleentheid gegee om nog te kan dink en dagdroom, teenoor 'n oorgereguleerde wêreld waarin kinders baiekeer nie meer die tyd gegun word om te oordink waarmee hulle besig is nie. Dit het die voordeel dat hulle vir hulself tyd kan vind en vasstel wat hulle roeping is.

3. Onderwysmetodiek

Tuisskolers is besig om in meer as een opsig ou vertroude onderwysmetodes te herontdek. In teenstelling met politiek-korrekte leerstof bied tuisskooling bv. die geleentheid om modelle van goeie taal en suiwer denke te leer ken en ontleed. 'n Ander is die 'voorlees en terugvertel'-metode, wat uitsonderlik produktief en ongelooflik eenvoudig is waar

met getalle van 12 en minder gewerk word.

Die metode bestaan daarin dat 'n vasgestelde voorlesing per dag geskied uit boeke wat in goeie taal geskryf is en ryk is aan idees. Die uitdaging wat op die voorlesing volg is dat hulle moet vertel wat hulle gehoor het. Eerder as dat dit in 'n begripstoets ontaard, is dit 'n informele gesprek waar vasgestel word wat gehoor is. Dit wat verskillend gehoor word bied ruimte vir bespreking en debat. Verhale stimuleer enersyds verbeelding en andersyds bring dit dialoog met die gedagtes van die voorste denkers uit ons kulturele geskiedenis na vore. Verskillende boeke word vir hierdie doel ingespan wat 'n verskeidenheid van onderwerpe bevat, met 'n voorkeur vir boeke wat oor werklike diepte beskik bo dié wat bloot vir kommersiële oogmerke op die mark is. Die blootstelling oor jare heen is veel meer as wat die skoolkurrikulum kan bied en dit aan die hand van die taal van kunstenaars en die gedagtes van geloofshelde en filosowe.

Die produktiwiteitsmeganisme is in die terugvertel geleë, wat die kinders mettertyd leer fokus en konsentreer. Dit ontwikkel die ouditiewe persepsie en leer hulle om reeds met die eerste lees belangrike aspekte te onderskei en hoofpunte logies te orden.

Bogemelde metodiek staan in teenstelling met dié van herhaling en hersiening ter voorbereiding vir eksamen, waardeur die vermoë om tekste eenmalig te hoor of te lees afgestomp word en dit hulle later op universiteit geweldige inspanning verg

om deur 'n massa te kan werk, ten einde insigvrae te kan beantwoord.

So word vele metodes en tegnieke deur tuisonderwys ontwikkel, wat eenvoudig en elegant is en ineenloop met die gebruik van die nuutste tegnologie.

4. Ten slotte

Die 'kort begrip' waarop dit dus in tuisonderwys neerkom is die volgende:

- Dink uit die klaskamersituasie uit en benut die hulpbronne wat deur die gesinswoning, woonbuurt en omgewing gebied word.
- Deurbreek die beperkinge van die kurrikulum, sodat die einde van die periode nie die einde van die leeronderwerp beteken nie.
- Laat kinders leer op die wyse waarop hulle die beste leer, omdat dit bekend is dat mense op verskillende wyses leer.
- Jou kinders moet kan waarneem hoedat jy self leer, deur dit aan hulle voor te leef, deur effektiewe aanskouingsonderwys.
- Ouers moet eienaarskap van hulle kinders se onderwys neem, omdat ouerbetrokkenheid een van die sterkste faktore is wat leerprestasie bepaal.

Waarop dit alles neerkom, is dat tuisonderwys besig is om 'n groot verskeidenheid uiteenlopende metodieke te ontwikkel, wat oorwegend al die gevestigde pedagogiese beginsels vertoon.

Skakelbesonderhede

Tel. nr.: 012- 330 1337

E-posadres:

defensor@pestalozzi.org



Bestelvorm vir posversending – **Ons Volksleiers 1: President Paul Kuger**

Die bedrag van R86-00 (BTW & posgeld ingereken) is inbetaal/ingesluit (skrap wat nie van toepassing is nie).

My besonderhede is soos volg:

Bankbesonderhede:

Rek. naam: Kraal-Uitgewers

Bank: Eerste Nasionale Bank

Tak: College Square

Takkode: 230137

Rekeningnr: 6213-8779-642

Titel en naam:

Adres:

Poskode:

Faks u bewys van inbetaling tesame met u bestelling na 051 - 821 1267, of pos aan Kraal-Uitgewers, Posbus 444, BRANDFORT, 9400.

Boodskap aan ons lede

1. Doelgerigtheid

Die jaar 2007 het verbygegaan en daar was terugskouend geleentheid wat deur ons Vereniging benut kon word om verdere beslag aan die doelstrewes te gee. Hierin staan ons in verantwoordelikheid teenoor die Here in Wie se hand tye en geleentheid is. Dat dit ons gegun was om met verskillende gehore oor die brandende kwessie van: wat word van Christelike onderwys in Suid-Afrika?, te kon gesprek voer, is enkel genade. As ons nie met hierdie roeping besig kan wees nie, het die Vereniging geen bestaansreg nie. Ons het nie 'n ander boodskap om uit te dra as juis hierdie een nie.

2. Dankbaarheid

Op verskillende fronte is daar die afgelope jaar gewerk. Daartoe is aan ons middele voorsien, bo verwagting, sodat ons maar net kan verklaar: ons staan verstom oor die voorsienigheid van onse God. Sedert Januarie kon gevolglik met verskeie projekte voortgegaan, asook met nuweres 'n aanvang geneem word.

3. Vakmateriaal

3.1 Afrikaans

Die ontwikkelingsprojek vir vakmateriaal kon voortgesit word, nadat ons in die bevoorregte posisie was dat ons aan die begin van 2007 met vakkundige medewerkers ooreenkomste kon sluit vir die samestelling van Afrikaanse handboeke vir grade 10 tot 12. Teen die einde van November was hierdie werk afgehandel en het dit so goed gevorder dat alles daarop dui dat ons in 2008 in 'n posisie sal wees om handboeke vir grade 8 tot 12 gereed te hê, meer as waarop ons gehoop het. Danksy verskeie donateurs in wie se harte dit gelê was om finansiële bydraes te maak, was ons in staat gestel om hierdie koste-intensiewe werk te kon befonds. Ons wil hierdie werk vir 2008 aan skole beskikbaar maak, sodra die Christelike-lewensbeskoulike perspektiewe bygewerk is. Die Afrikaanse vakmateriaal is bedoel om deur alle skole gebruik te kan

word, met inbegrip ook van die openbare skole.

3.2 Bybelonderrig

Die Vereniging se eie Bybelonder-
rigkurrikulum is hierdie jaar aan 'n proses van indringende evaluasie onderwerp, met die oog op die Christelik-gereformeerde inslag, ten einde die gebruikswaarde en standaard daarvan te verhoog, en 'n verbeterde weergawe sal in 2008 aan ouers en skole beskikbaar gemaak word.

3.3 Leerareas

Ons Vereniging het, benewens huis-houdelike pogings tot die daarstelling van vakmateriaal van 'n Christelike inslag, en soos in vorige jare, ook in 2007 met onderwysinstansies meegewerk om hierdie belangrike werk in verskeie van die leerareas, so te help verryk dat daar nader aan die ideaal van Christelik-gefundeerde vakmateriaal beweeg kan word. Ons begin reeds die vrugte daarvan te pluk, wanneer ons, saam met hierdie onderwysinstansies dankbaar die verskyning van hierdie soort handboeke gadeslaan.

4. Kongres

Ons kongres, met die tema: *Die verband tussen die onderwys en die teologie in Suid-Afrika vandag*, het in Augustus in Pretoria plaasgevind, en die lede van daardie streek het hulle goeie ondersteuning daaraan gegee. Ons het hierdie jaar van referente uit verskeie gereformeerde kerkverbande gebruik gemaak met die toespitsing veral op die teologie. Daar is tydens die kongres met verontrusting kennis geneem van nuwe tendense in die gereformeerde teologie, wat besliste negatiewe invloede op die onderwys uitoefen. In wese setel die problematiek daarin dat die nuwe teologie meewerk om 'n skeefgetrekte, erger nog, onbybelse leer aan die samelewing voor te hou, wat insgelyks 'n verwronge werklikheidsbeeld na vore bring. Die implikasies vir die onderwys, wat met die ont-sluiting van 'n waarheidsgetroue werklikheidsbeeld aan ons kinders

en jongmense besig moet wees, word besef, indien die kerk 'n onbybelse leer sou verkondig.

5. Gemeentelike besoeke

Gemeentelike besoeke aan onderskeie kerke van gereformeerde belydenis in die Vrystaat is die afgelope jaar gebring, waartydens gemeentes oor die saak van Christelike onderwys toegesprek en tot steun vir die saak aangemoedig is. Goeie gesprekke kon in die proses met groepe lidmate en individue gevoer word. Dit is ons waarneming dat daar steeds lidmate is vir wie Christelike onderwys 'n saak van oortuiging is, terwyl daar ook lidmate is vir wie dit niks meer as 'n interessante praatjie was nie. Die kerk word desondanks as 'n bondgenoot beskou, in die lig daarvan dat dit juis die kerk was wat oorspronklik die VCHO geïnisieer het om hierdie belangrike koninkrykswerk te doen. Die gesprek met gemeentes sal DV in 2008 voortgesit word, wanneer daar beplan word om ook na die ander provinsies uit te beweeg.

6. Gesprekke met ons jongmense & studente

Soos in 'n vroeëre uitgawe aangekondig het ons hierdie jaar die gesprek oor Christelike onderwys en wetenskap met ons jongmense en studente aan die gang gesit, om ondermeer met hulle gedagtes oor 'n Christelike lewenstyl te wissel. Tydens 'n besoek aan 'n kampus van een van ons historiese Christelik-Afrikaanse universiteite was ons beïndruk met die meelewendheid van die studente en is ons uitermate bemoedig deur wat ons daar beleef het.

7. Seënbede aan ons lede

Hierdie boodskap word afgesluit met 'n bede van seën vir ons lede wat ons in al hierdie projekte gedra het; nie slegs finansiëel nie, maar veral deur die voorbidding vir die werk van ons Vereniging, die hoofbestuur en die kantoorsoneel.

Vervolg op bl. 12 onderaan

Bekendstelling van *Die Afrikaanse Protestantse Akademie*

Bydrae ontvang van prof. J.A.E. Adendorff

Geskiedenis

Tydens die eerste Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerkverband is die rigtinggewende besluit geneem om 'n eie teologiese skool vir die Kerkverband in Pretoria te vestig. Hierdie teologiese skool het in Februarie 1988 amptelik sy deure geopen. Die toelatingsvereiste was 'n B.A.-graad aan 'n erkende universiteit verwerf. Die teologiese kursus het drie jaar geduur, waarna 'n Diploma in Teologie toegeken is. Aanvanklik het verskillende leraars van die kerk die opleiding behartig, maar in 1989 is die eerste voltydse dosente aangestel. In 1997 is begin om ook die B.A.-graad aan te bied. In 1999 is die groot stap geneem om kragtens die *Onderwyswet nr. 101 van 1997* die teologiese skool by die onderwysowerhede te registreer as 'n privaat tersiêre onderwysinstelling. Die registrasie het deur die Here se genade geslaag en so het *Die Afrikaanse Protestantse Akademie* amptelik sy beslag gekry. Die Akademie het die reg om die volgende grade toe te ken:

- Baccalaureus Artium
- Baccalaureus Theologiae

Die studentetal het oor die jare 'n groeiende tendens getoon. Dit is nie net meer teologiese studente wat by die Akademie studeer nie. Tans kan studente wat hulle in die onderwys- en sielkunderigtings wil bekwaam, ook by die Akademie studeer. Die Akademie het ook 'n satelietkampus te Germiston waar die Instituut vir Christelike Sielkunde gevestig is en wat die B.Psig.-graad aanbied.

Identiteit

Die Grondwet van SA (1996) maak in artikels 29(3) en 31(1)(b) voorsiening vir die reg van 'n gemeenskap om private instelling van die burgerlike samelewing met 'n bepaalde omgangstaal, kultuur-inkleding en godsdiensrigting daar te



stel, daarby te mag aansluit en te onderhou. Dit geld ook vir onderwysinstelling. Hierdie private onderwysinstelling kan egter nie op finansiële ondersteuning deur en van die owerheid steun nie en is op hulle self aangewese.

In terme van die Grondwet positioneer die Akademie hom as 'n onafhanklike akademiese onderwysinstelling van die hoër onderwys met 'n Afrikaner kultuurkarakter en volgens die Christelik-Reformatoriese geloofsrigting. Hierdie identiteitsbepaling is dan ook in die aanhef tot die Statute van die Akademie verskans.

Verbonde aan die reg op vryheid van godsdiens, van geloof en akademiese vryheid (artikel 15 van die Grondwet van SA) en van vryheid van assosiasie (artikel 16 van die Grondwet van SA), verbind die Akademie hom, aan die:

- Progressiewe ontwikkeling en voorsiening van 'n breë en omvattende verskeidenheid van beroepsgerigte, professionele en algemene akademiese programme in ooreenstemming met die behoeftes van die Afrikanervolk;
- bou van administratiewe, bestuurs-, beheer-, akademiese en navorsingsvermoëns;

- uitbreiding van die Akademie na verskillende beroeps- en vakrigtings; en
- doeltreffende bestuur.

Die statute maak van die verteenwoordigende raad van die Akademie die hoogste beleidmakende liggaam met 'n kanselier as hoof. Die bestuurshoofde van die Akademie is die rektor en registrateur. Die senaat sien om na akademiese inhoud en gehalte. Die studenteraad behartig studente-belange. Die konvokasie is daarvoor bestem om oud-studente nog steeds in te bind in die uitbouing van die Akademie tot 'n volhoubare akademiese inrigting van die hoogste gehalte.

Ideale

Intussen het die Raad van die Akademie op sy Januarie 2007-vergadering eenparig besluit op 'n komitee van deskundiges, wat 'n ondersoek moet loods "na die mees effektiewe daarstelling van 'n moderne universiteit, volgens bestaande internasionale voorbeelde en modelle en die nuutste tegnologiese instrumente, om sodanige privaatregtelike universiteit vir Afrikaanstaliges tot stand te bring en wêreldwyd vir studie toeganklik te maak". Die lede daarvan is proff. Adendorff, Smit en Brink en dr Landman.

Laasgenoemde stand van sake is van belang, veral ten aansien van die honderde duisende Afrikaners wat in die buiteland woon en werk en elektronies by sodanige te skeepte universiteit sal kan inskryf. Dit geld ook vir Nederlanders en Vlaminge wat deur medium van Afrikaans kan studeer. So terloops, die Akademie is een van die weinige Suid-Afrikaanse universitêre instellinge waar die vak Nederlands nog aangebied word!

Skakelbesonderhede

Tel. nr.: 012- 344 3960/1/2

E-posadres: info@apa.ac.za



Vervolg van bl. 11

Ons bede, namens die hoofbestuur en redaksie is dat die herdenking van feeseleenthede soos gelofte-

dag en die Christusfees, vir elkeen vir u van besondere seën sal wees. Mag die weselike daarvan, naamlik die dank en eer en verootmoediging wat aan God-Drieëinig gebring sal

word vir redding in tydelike sin (soos in 1838 by Bloedrivier) en ewige sin (deur die verlossingswerk van ons Here Jesus tot ons saligheid) vir u tot geloofsversterking dien.



Die noodsaak aan 'n Bybelse lewens- en wêreldbeskouing, wat deur die onderwys gevoed word

- Hugo Hayes

1. Nie-christelike onderwys genoeg om studente hulle geloof in God te laat verloën

'n Bybelgefundeerde lewensbeskoulike benadering tot die werklikheid in die algemeen en onderwys in die besonder, was nog nooit so nodig as in ons hedendaagse pluralistiese en postmodernistiese samelewing en kultuur nie. Christenstudente aan tersiêre instellings ervaar antagonisme van die een kant, sowel as apatie van die ander kant, wat hulle Christelike geloof in die gedrang bring. Dit is die bevinding wat deur Summit Ministries gemaak word; 'n instansie wat hom met evangelisasie in die Verenigde State van Amerika besig hou.

Sover dit die geestelike lewe van studente in die VSA aangaan, is die statistiek nie baie bemoedigend nie. Volgens 'n heel resente ondersoek deur die Higher Education Research Institute te UCLA in die VSA, neem die aantal studente wat aanvanklik gereeld eredienste bygewoon het, na drie jaar aan 'n tersiêre instelling met 23 persent af. Die navorsing het ook bevestig dat 36 persent van studente die peil van hulle geestelike lewe, na drie jaar aan so 'n instelling, as laer as aan die begin van hul studie aangee.

In verdere navorsing, deur die College Student Survey, is studente gevra om hulle godsdienstige gesteldhede soos ter aanvang van hulle studies aan te dui. Vier jaar later is daar weer response afgeneem, wat met die voriges vergelyk is. Die tweede stel response is deur nuweling afgeneem, wat o.m. die kategorie 'weergeborene' vergelyk het met die response van vier jaar vroeër (d.w.s. dit was vir die tweede keer ongeveer ná die voltooiing van hul studie afgeneem). Daar is toe op sommige kampusse bevind dat soveel as 59 persent studente hulself nie langer as weergeborenes

bestempel het nie. Dit verteenwoordig 'n terugvalfaktor van nagenoeg tweederdes, wat oor die relevante studietyd aan tersiêre instellings aangeteken is.

Die Barna-groep wat oor die geestelike toegewydheid van die twintigers verslag gedoen het, het bevind dat slegs 20 persent van studente wat vroeër as intens kerklik betrokke beskou kon word teen ouderdom 29 steeds geestelik aktief gebly het.

Dit is tegelyk betekenisvolle en verontrustende statistiek. Waarom verloën so baie studente hul Christelike geloof na blootstelling aan 'n tersiêre instelling? Summit Ministries se eie navorsing en persoonlike ondervinding met studente het verskeie oorsake vir hierdie 'ontkerstening' aan tersiêre instellings opgelewer, wat op die volgende dui:

2. Oorsake vir ontkerstening

2.1 Liberale professore

Prontuit gestel, baie studente val ten prooi van die anti-christelike retoriek van hulle professore. Dat baie professore die Christendom tot ver-smading ag is nie bloot 'n alarmistiese mite nie. Dit is Summit Ministries se waarneming. In 'n onlangse studie wat bv. deur ene Tobin van die Institute for Jewish and Community Research gepubliseer is, het uit 'n steekproef van 1 200 doserende personeel wat uit kollege- en universiteitsfakulteite gedoen is, 53 persent aangedui dat, terwyl hulle ongunstig teenoor evangeliese Christene ingestel is, hulle gunstig teenoor die meeste ander godsdienstige groepe ingestel is. Bowendien is kollege- en universiteitsfakulteite se personeel ver minder geneig om as 'Christen' geïdentifiseer te word as wat met die algemene publiek die geval is. Eersgenoemde verwys veel eerder na hulself as liberaal/sekulêr as konserwatief/godsdienstig.

Die bevindinge weerspieël ook die resultate van 'n vroeëre opname van kollege-fakulteite wat in die Maart 2005-uitgawe van die *Washing Post* gepubliseer is. Die artikel het aan die lig gebring dat 72 persent van die professore en instruktors in die VSA as liberaal bestempel kan word; twintig jaar vantevore was dit slegs 39 persent. Die houding wat deur doserende personeel ingeneem word staan in skerp kontras met die Harris-peiling in die VSA, wat bevind het dat slegs 19 persent van die Amerikaanse publiek hulself as liberaal beskryf. Nagenoeg 80 persent neig, volgens hierdie peiling, na konserwatief/godsdienstig. **Die slotsom:** indien ouers dink dat hulle hul kinders na tersiêre instellings wat nie openlik op die Christelike begroning staan nie, stuur, om meer oor die waardes wat vir hulle belangrik is te leer, staar hulle ont-nugtering in die gesig.

Ander statistiek oor tersiêre fakulteite –

51 persent van die fakulteitspersoneel woon selde of ooit 'n erediens by;
84 persent is ten gunste van abortsie;
en
67 persent aanvaar homoseksuele praktyke.

Die kommentaar van Summit Ministries is dat dit nie verbaas nie dat studente, as gevolg van voormelde, liever dan maar daarvan wegstroom om hulle openlik met die Christelike lewensbeskouing te vereenselwig; hulle kies eenvoudig om te glo wat hulle in die lesinglokaal geleer word.

2.2 Gebrek aan behoorlike (Christelike) begroning

Summit Ministries sê voorts: laat ons die feite in die gesig staar: baie Christenstudente het geen idee waarom

Vervolg op bl. 14

Vervolg van bl. 13

hulle glo in wat hulle sê hulle glo nie. Hierdie tendens is in 'n voortsettingstudie wat deur die Nehemia Institute onderneem word blootgelê. Daar is van 'n instrument bekend as 'n "world view"-toets gebruik gemaak. Die resultate was ontmoedigend; om die minste daarvan te sê. Wanneer dit op 'n wye reeks van onderwerpe aankom, soos politiek, opvoeding, ekonomie, godsdiens en maatskaplike kwessies, toon die resultate dat Christenstudente meer soos sekulêre-humaniste as oortuigde Christene repondeer.

Dit is in besonder 'n verpletterende toedrag van sake in 'n eeu waarin studente met so 'n magdom mededingende idees en opinies oor die werklikheid gebombardeer word op 'n daaglikse grondslag. Bykans elke film, advertensiebord, teksboek en toespraak is vol van idees – idees oor die waarheid, moraliteit, skoonheid, identiteit, godsdiens; selfs oor God. Maar nie almal daarvan staan op die voet van die waarheid nie. Sommige is verkeerd; sommige is misleidend; sommige is destruktief.

Dit is van wesenlike belang dat studente toegerus sal wees om tussen mededingende idees en opinies wat deur die media en op ander wyses gepropageer word, te onderskei, en in staat sal wees om met die kennis van die Waarheid daarop te kan reageer.

2.3 'n Verkeerde/ valse beskouing van die Christendom

Studente reageer heftig teenoor die Christendom, weens 'n hele aantal redes. Helaas, verstaan sommige studente nog nie wat die Christendom behels is nie; trouens daar is diegene onder hulle wat geen idee het wat dit beteken nie.

Die diskrepansie tussen ware Christenskap en dit wat tieners bv. glo, word op dramatiese wyse in die boek: *Soul searching: The religious and spiritual lives of American teenagers*, deur 'n sosioloog, Christian Smith van die Noord Carolina Universiteit, blootgelê. Smith en sy kollegas het die grootste ondersoek tot datum nog oor tieners se gods-

dienstige oortuigings onderneem. Gebaseer op persoonlike onderhoude, skryf Smith dat baie studente wat verklaar dat hulle Christene is, 'n swetterjoel van idees glo/ huldig wat nie eers naasteby as ortodokse Christelike beskryf kan word nie, wat nog te sê evangeliese Christelike, en, wil 'n mens amper byvoeg: wat nog te sê van Christelike-gereformeerde. Waarin hulle in werklikheid 'glo' word deur hom as "moralistiese terapeutiese deïsme" beskryf. (Deïsme behels dat God met die rede, maar nie op grond van geloof nie, aanvaar word. Die gevolg hiervan is dan ook die beskouing dat die skepping wel deur God voortgebring was, maar nie van dag tot dag deur Hom bestier en onderhou word nie – HJH). Die meerderheid Bybelgelowige studente dink en glo asof die enigste punt van geloof daarin bestaan om 'goed' te wees; om 'goed te voel' en om darem êrens 'n God te hê na wie gedurig om hulp geroep word (veral as die nood dreig), maar sonder om regtig enigiets van Hom te verwag. Dit is ver verwyderd van 'n Bybels-ingelegte, toegewyde Christus-dissipelskap, sê Smith.

3. Hoe moet die gety gekeer word?

Eerstens moet begryp word dat die stryd aan tersiêre instellings op die harte en gedagtes van studente gerig is. Te lank reeds is kerke tevrede om op emosie te fokus, en weg te stuur van 'n opregte dissipelskap van hart en verstand.

Tweedens moet ons opleiding/ onderwys rondom die feit wentel dat Christenskap 'n robuuste geloof impliseer. Daarmee word bedoel dat wanneer die Christendom voor die grootste uitdagings van die lewe te staan kom, hulle antwoorde het wat dié van alle ander godsdienste oortref; ja selfs ook dié van filosofieë. In 2 Korintiërs 10: 4 - 5 stel die apostel Paulus dit soos volg: "Die wapens van ons stryd is nie die wapens van die mens nie, maar die kragtige wapens van God wat vestings kan vernietig. Daarmee vernietig ons die redenasies en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus ge-

hoorsaam te maak" (1983-Bybelvertaling).

Derdens moet ons studente geleer word dat die Christendom 'n allesomvattende lewens- en wêreldbeskouing impliseer. 'n Bybelse beskouing is daarop ingestel om die realiteit van God se Waarheid op elke gebied te verklaar: van filosofie tot wetenskap, die etiek en ekonomie, psigologie, sosiologie, die reg en selfs die politiek. Op hierdie wyse – maak nie saak welke kursus 'n student volg nie – sal hy of sy in staat wees om te onderskei of die professor met 'n anti-bybelse voorstelling in die lesinglokaal besig is.

In die finale instansie moet ouers en onderwysers hulle daartoe verbind om self 'n Christelike lewensbeskouing te ontwikkel. Barna het bv. bevind dat slegs 9 persent van weergebore Christen-volwassenes 'n Bybelse lewensbeskouing huldig. Dit vra vir intensiewe onderrig in wêreldbeskoulike analise vir volwasse. En soos wat studente waarneem hoedat 'n Christelike lewensbeskouing deur hul ouers uitgeleef word, kan dit verwag word dat hulle hierdie lewensbeskouing self sal omhels, om rekenskap daarvan te gee wanneer dit van hulle vereis word. Soos ons ook in Petrus 3: 15b lees: "... Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe".

Met Bybelgebaseerde oortuigings sterk in hul gemoedere ingeskerp (vgl. ook Deuteronomium 6: 6), sal Christenstudente nie alleen voorbereid wees om aanvalle op hul geloof te kan weerstaan nie, maar sal hulle ook in 'n beter posisie wees om hul vriende te kan help om God se geopenbaarde Waarheid te begin verstaan. En meer as dit, selfs 'n positiewe bydrae te maak om die samelewing tot Sy eer te help uitbou. Met hierdie soort voorbereidheid kan die heersende afwaartse spiraal in geestelike toegerustheid omgedraai word. Tot sover die vrye weergawe van Summit Ministries se bevindinge.

Vervolg op bl. 16

DIE JONGSPAN

Dagsê Maats,

Hier teen die einde van 2007, waar ons nou al weer in die Desembervakansie is, wil ons graag uit die kantoor vir julle en jul ouers 'n baie aangename rustyd toewens. Ons ouers het mos net so hard en partykeer nog harder moes werk om ons deur die jaar se skoolwerk te help, en om aan ons die dinge wat ons deur die jaar nodig gehad het te kon gee, sodat ons weer ons deel kon doen. Deesdae, met alles wat so by die dag duurder word, moet 'n mens nogal mooiwerk met dit wat jy het, om te sorg dat daar klere aan die lyf en kos op die tafel is. Baie gesinne werk saam om die somme wat in verband met die huishouding gemaak moet word te laat klop, en so word dit dan sommer 'n spanpoging met elkeen wat saamwerk. 'n Mens leer dan ook gougou, sodat die een die ander se behoeftes begin verstaan. So besef 'n mens reeds van kleinsaf dat die een die ander in ag moet neem. En ons vergeet nie om dankbaar te bly oor al die goeie dinge wat ons ouers ons laat toekom nie, en dit ook gereeld vir hulle te sê.

Maats, wanneer ons nou so oor die jaar se harde werk, die eksamen en al die ander pligte wat ons getrou wil nakom, gesels, wil ons graag julle aandag vestig op iets anders wat ons nie uit die oog moet verloor nie. Om deur die jaar my werk te doen, en aan die einde daarvan die eksamen te slaag en selfs goed daarin te doen, is iets wat ons elkeen graag gun. Dit gaan oor die ambisie wat daar seker in elke mens leef om êrens te kom in die lewe. Hiermee kan daar opsigself ook niks verkeerd wees nie. Daar is egter 'n soort ambisie waarvoor

ons baie katvoet moet loop. Julle het seker al gehoor dat daar gepraat word van die ambisie wat iemand verteer. In my jonger dae, toe ek nog nie mooi verstaan het wat ambisie beteken nie, het ek gedink dat dit iets amper soos 'n leeu moet wees, wat 'n mens lewendig kan opeet. Gelukkig het ek toe later uitgevind dat dit iets in 'n mens self is wat jou so begin dryf, dat ander dinge later nie meer saak maak nie.

Wat ons moet onthou is dat ons moet keer dat ambisie baas word in ons lewens. Met ander woorde dit kan gebeur dat iets wat ek baie graag wil bereik mettertyd so 'n houvas op my lewe kry dat dit my hele lewe in beslag kan begin neem. Wat hiermee bedoel word is dat ons 'n punt kan bereik waar ons ons so daarvoor inspan dat sekere dinge in ons lewens tog net moet gebeur, dat ons naderhand net nie meer by die veel belangriker sake in ons lewens uitkom nie. Hierdie belangriker sake wil ons dan soos volg aandui: (i) my verhouding met my ouers en ander mense, en (ii) die heel belangrikste, my volgehoue toewyding aan die Here.

Natuurlik sê ons nie hiermee dat ons moet ophou werk, vir eksamen voorberei en ander pligte nakom nie. Wat ons eintlik vir mekaar sê is dat hierdie dinge nie toegelaat moet word om oor te neem in ons lewens nie. Waarom sê ons dit vir mekaar? Omdat daar regtig 'n probleem bestaan dat my prestasies vir my die belangrikste saak op aarde kan word. Ek kan byvoorbeeld so ernstig daarvoor raak om aan die einde van graad 12 die beste uitslae te behaal, dat niemand of niks anders meer saak maak nie; of om so in sport uit te blink dat ek alles sal gee om net sportster

van die jaar te wees. Wanneer dit gebeur, word die fokus van ons lewens verskuif na akademiese en sportprestasies, wat later my lewe totaal oorheers. 'n Rugby-speler wat, toe hy nog sommer jonk was, vir een van die top Curriebekerspanne gespeel het, het ek op 'n keer hoor sê: "My lewe is rugby en rugby is my lewe". Dit kan so erg raak dat iemand wat 'n goeie rugbyspeler is, later nie eens meer sy ouers ontsien nie, om maar net een opoffering na die ander te moet maak, sodat hy net bo kan uitkom. Nie dat ons ouers omgee om op te offer nie, maar daar is darem perke ook.

Ek weet dat ons maats hier by *Die Jongspan* baie slim is, daarom kan ons seker vir hulle 'n vragie vra. Kan iemand miskien vir ons die naam noem van 'n persoon in *Die Bybel* wat ook so deur die ambisie beetgepak was, dat hy later nie eers meer sy eie pa ontsien het nie, en hom selfs uit die weg wou ruim. Die antwoord hierop sal julle in 2 Samuel 15 vind.

Wat ons dus wel sê is dat niemand die talente wat die Here aan hom of haar gegee het moet verwaarloos nie. Ons het 'n plig om daardie talente so te gebruik dat ons die Here beter daardeur sal dien. Deur die gebruik van 'n talent – al is dit selfs net een – maak ons 'n bydrae tot die samelewing, en is dit Hy wat die eer moet ontvang en nie ek nie. *Die Bybel* leer ons immers die volgende: "Niemand van ons leef vir homself nie, en niemand van ons sterf vir homself nie. Of ons dan lewe en of ons sterwe ons behoort aan die Here".

VCHO-groete tot 'n volgende keer.

4. Wat van Suid-Afrikaanse tersiêre instellings

By nadenke oor die gemelde VSA-ervaring, soos deur Summit Ministries weergegee, wonder 'n mens onwillkeurig wat die situasie aan tersiêre instellings in Suid-Afrika is. Verskil dit grootliks van dié van die VSA, of is daar ooreenkomste? Daar is nie gesaghebbende navorsing oor hierdie spesifieke onderwerp beskikbaar nie, behalwe dié wat onlangs deur WTL Produksies onderneem is, oor die stand van teologiese opleiding aan die Pretoriase Universiteit. Hoewel hierdie navorsing nie-statisties van aard is, het dit die teologiese bewustheid, na aanleiding van tendense wat in die opleiding aan so 'n invloedryke en toonaangewende teologiese fakulteit in Suid-Afrika bevind is, skerp aangewakker. Maar dit wat in daardie navorsing blootgelê word, is aanduidend daarvan dat ons ook reeds in Suid-Afrika met soortgelyke problematiek gekonfronteer word. Voorts, indien

hierdie soort probleem in so 'n grondleggende dissipline soos teologiese opleiding manifesteer, hoe is dit dan met die opleiding in ander dissiplines gesteld?

5. Vereniging se belang

Ons Vereniging het 'n direkte belang by 'n saak soos hierdie, aangesien reeds by sy stigting in 1949, die primêre oorweging daarby was dat hy hom daarvoor beywer dat daar tersiêre instellings in Suid-Afrika sal wees waar opleiding in die Christelike tradisie aangebied word. En, terwyl dit so is dat daar universiteite in Suid-Afrika bestaan waarvan die institusies openlik en uitdruklik nie vir Christelike onderwys en opleiding voorsiening maak nie, was dit ten opsigte van die oorwegend histories-Afrikaanse universiteite tog wel die geval dat hulle hul by verklaring op die Christelike uitgangspunt gestel het, al sou dit dan nie noodwendig in hul institusies verskans wees nie. Daardie universiteite, oftewel sommige van hul fakulteite, gee immers nog te kenne dat

hulle nie van hierdie uitgangspunt afstand gedoen het nie. Dit is op grond hiervan dat die gesprek van die kant van ons Vereniging met hierdie universiteite voortgesit wil word in goedertrou, ter wille van die bevordering van Christelike onderwys.

6. Gesprek met jongmense/studente in 2008 voortgesit

Daarom was dit die afgelope tyd baie bemoedigend toe daar aan een van hierdie universiteite met van die onderwys- en teologiestudente oor Christelike onderwys gesprek gevoer kon word. Die studente was dit met ons eens oor die belang daarvan, en die gesprek sal in 2008 voortgesit word. Wat veral tydens hierdie gesprek opgeval het was die gedissiplineerde optrede van die groep studente en die integriteit wat ons daar waargeneem het. Indien dit tekenend is van die ingesteldheid wat by ons ander universiteite (met wie DV in 2008 geskakel sal word) te wagte kan wees, dan is ons met hoop vervul oor die toekoms van ons jongmense en studente. 

Dit is die redaksie se bede dat dit vir ons lesers 'n baie geseënde Christusfees mag wees, waarin u die koestering van God se liefde in Jesus Christus op 'n besondere wyse sal ondervind; ook dat daar in die nuwejaar veel tereg mag kom van ons gemeenskaplike strewes dat aan Hom as die Here van die gelowiges, die ereplek in die onderwys van ons kinders en jongmense gegee sal word.

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in *Roeping en Riglyne* nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
en
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C Bester
KERNREDAKSIE: Prof AWG Raath,
Prof DFM Strauss.



Die Hoof Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Van Schalkwykstraat 21, Universitas
Bloemfontein
9300 /9301

Tel. (051) 525 2267 of
(051) 525 2341
Faks (051) 522 4513
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad:
<http://www.vcho.co.za>

HOOFBESTUUR

Prof AWG Raath (Bloemfontein, Voor-
sitter), Ds. S le Cornu (Carltonville),
Prof PH Stoker (Potchefstroom, Onder-
voorsitter), Ds G van Heerden (De
Deur), Prof R Marè (Pretoria), Prof IH
Horn (Pretoria), Ds G Opperman (Brits),
Dr HG Stoker (Pretoria), Prof EJ van
Niekerk (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Ds H Hefer (Brak-
pan), FA van Deventer (Pretoria), Prof
JAE Adendorff (Germiston).

Uitvoerende Beampte: Mnr HJ Hayes